Nr./No. 31 1959 Desember/December

# Pretoriana

MERENSKY BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
4 JAN 1960
Klasnommer OS (68)
Registernommer P '59/31




*Mondstuk van die Genootskap Oud-Pretoria*
*Verskyn in April, Augustus en Desember.*

—o—

*Organ of the Association Old Pretoria*
*Published in April, August and December.*

**Prys : 2/- : Price.**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Dr. WILLEM PUNT*

*Jan.* 1958

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# Redaksioneel

HIERDIE uitgawe van „Pretoriana" word gedeeltelik gewy aan die nagedagtenis van wyle dr. en mev. I. M. Meyer. Aanleiding hiertoe was die huldigingsbyeenkomste wat op 2 September vanjaar op die terrein van die Pretoriase Onderwyskollege plaasgevind het. Terwyl mnr. J. J. Mulder ,Waarnemende Rektor en tewens een van die vooraanstaande lede van ons Genootskap, daardie oggend besig was om sy treffende huldigingsrede by die rotsmonument te hou, het die gedagte ontstaan om die vier toesprake wat in die loop van die oggend by verskillende geleenthede en plekke op die kollegeterrein gehou is, in die Desember-uitgawe van ons blad te publiseer. Saam met hierdie vier toesprake word ook twee ander artikels en 'n rede wat in die April-uitgawe van „Weeg", die Studenteblad van die Pretoriase Onderwyskollege, verskyn het, in hierdie uitgawe gepubliseer.

Met die publikasie van hierdie artikels wil die Genootskap Oud-Pretoria deur middel van sy mondstuk, „Pretoriana", graag die nagedagtenis eer van 'n egpaar wat deur hulle jarelange verblyf en belangrike werksaamhede in die Hoofstad, vir hulle 'n besondere plek in die harte van talle Pretorianers verower het. In privaat gesprekke het dr. Meyer by meer as een geleentheid navraag gedoen oor die werksaamhede van ons Genootskap. As historikus het hy uit die aard van die saak ook in ons werksaamhede belang gestel. Drukke werksaamhede en 'n oorvol program het hom egter verhinder om 'n aktiewe rol in die Genootskap Oud-Pretoria te speel.

— DIE REDAKTEUR.

*By geleentheid van die jaarvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria op* 29 *Oktober* 1959 *het vier sprekers hulde gebring aan dr. Willem Punt vir die voortreflike werk wat hy vanaf die stigting van die Genootskap tot vanjaar as Voorsitter verrig het. Die volgende toesprake vertolk op treffende wyse die hoë agting wat die lede van ons Genootskap vir dr. Punt het. Sy onbaatsugtige en opofferende werk in die belang van ons Genootskap het deur al die jare ons bewondering afgedwing. By sy aftrede as Voorsitter wil ons dr. Punt verseker dat ons sy jarelange werk in die belang van ons Genootskap en daardeur ook van ons stad en sy inwoners opreg en innig waardeer. In hierdie uitgawe van „Pretoriana" wil ons graag in skrif vaslê wat op die jaarvergadering oor dr. Punt en sy belangrike aandeel in die werksaamhede van die Genootskap Oud-Pretoria gesê is . . .* (Red.)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

INHOUD — CONTENTS

Redaksioneel.
Miss J. H. Davies: Our Indebtedness To Dr. Punt.
Dr. F. J. du Toit Spies: Dr. W. Punt En Die Genootskap Oud-Pretoria.
Mnr. C. F. Hendrikz: Dr. Willem Punt As Onderwysman.
Dr. G. W. Eybers: Ons Nuwe Voorsitter Se Waardering Vir Die Werk Van Dr. Punt.
Redakteur: Byskrif By Foto Van Mnr. J. J. Mulder.
Mev. A. J. Roode: Dr. En Mev. I. M. Meyer — In Memoriam.
Ds. D. J. Viljoen: God Spreek Deur Hulle Dood.
Prof. R. E. Lighton: Huldigingsrede Oor Wyle Dr. En Mev. I. M. Meyer.
Mnr. J. J. Mulder: Huldigingswoorde Tydens Onthulling Van Gedenkplaat Op Rots.
Mej. E. C. Steyn: Onthulling Van Die Naamplaat Van „Huis Meyer".
Mnr. R. S. Meyer: Boodskap Aan Die Personeellede Van Die Onderwyskollege, Pretoria.
Genootskap Oud-Pretoria, Jaarverslag 1959.
Association Old Pretoria, Annual Report, 1959.

# Our Indebtedness to Dr. Punt

THE work which Dr. Punt, its founder and untiring leader, has done for the Association Old Pretoria is so well known to the members that any comment upon it may appear to be superfluous, for good wine needs no bush! It is however but fitting that our retiring chairman should be thanked for his long, unfailing and very successful labours on behalf of the Association, and, also, there are various aspects of his chairmanship that can with advantage be emphasised.

The chairman of an association is naturally its most prominent member — the one who takes the lead on all the association's great occasions, such as its annual general meetings, and on any deputations which the association may send to the authorities. As you all know, Dr. Punt has borne himself worthily on all such occasions and has thereby increased the Association's standing and influence. A chairman's work, however, is by no means confined to these "public appearances" and it is of the work behind the scenes that I would speak. It is true that the chairman's annual report outlines the year's activities but, since it is written by the chairman, it inevitably soft pedals the part which he himself has played. Then, too, a brief recital of achievements and projects gives very little indication of the patient work which lies behind them, of the investigations, the interviews, the assembling of evidence and the reports compiled, not to speak of the committee meetings. These last are perhaps the strongest test of a chairman's conscientousness and staying power. It is so temptingly easy to dodge an occasional committee meeting; but it was very rarely that



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dr. Punt was not in the chair and then only because it was quite impossible for him to be present. It was perhaps at committee meetings that his drive, resourcefulness and vision together with his insatiable zest for work were most apparent. Without in any way being an autocrat Dr. Punt supplied the motive power for the committee: most of the ideas were his and, what is more, he was always willing to do the lion's share of the work involved in carrying them out. To his other qualities as a chairman were allied tact and good humour which contributed greatly to the pleasant atmosphere of the meetings.

This part of the work, which was largely unseen, should not be forgotten; for it is far easier to rise to an occasion — that, after all, calls for only one concerted effort — than it is to maintain energy, pace and enthusiasm throughout the year. This Association has indeed been fortunate in having had a chairman equally competent in both spheres.

There is one more point which I should like to make, namely, that in a country which indulge perforce in a careful belancing of sectional interests, Dr. Punt is remarkable for an absence of sectional bias. There was never any need for him to maintain a delicate balance for all was grist that came to his mill. His absorbing interest was the history of Pretoria, particularly as embodied in its streets and buildings, and all other considerations were of minor importance. Thus all sections of the community could feel at home with him for he was interested in them all.

I apologise for the past tense, with its faint obituary flavour, of the last couple of sentences but I have been speaking of Dr. Punt as the chairman of our Association and his chairmanship is now, alas, a thing of the past.

I am very glad to have been given the opportunity of expressing our indebtedness to Dr. Punt. I feel sure that we shall remember with gratitude all that he has done for the Association Old Pretoria and that our good wishes will follow him in his new work. May the Simon van der Stel Foundation go from strength to strength!

— J. H. DAVIES.


# Dr. Willem Punt

## *en die Genootskap Oud-Pretoria*

AANGESIEN dr. Punt te kenne gegee het dat hy nie weer as voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria verkiesbaar is nie, pas dit ons om hier 'n waardering te gee van die werk wat hy in dié verband verrig het. Dr. Punt was onafgebroke voorsitter van die Genootskap vanaf die stigting



Digitised by the University of Pretoria, Library Services





Digitised by the University of Pretoria, Library Services

daarvan in 1948; en dit kan seker sonder oordrywing gesê word dat hy die siel daarvan was.

Vir my wat as sekretaris die grootste deel van die tyd saam met hom gewerk het, is dit 'n voorreg om 'n paar woorde in dié verband te sê. Dr. Punt was 'n ywerige voorsitter, soos 'n trae sekretaris maar al te goed ondervind het! Vroeg en laat was hy altyd daar om sekretaris en ander bestuurslede attent te maak op die dinge wat op die weg van die Genootskap Oud-Pretoria gelê het.

Dit lê in die aard van die Genootskap dat 'n mens gedurig moet wakker loop, dat jy die strate van Pretoria met oop oë bewandel om te sien wat daar afgebreek of gebou, wat daar uitgehaal of geplant word. Ook is dit nodig om soms agter die skerms te kyk na die planne van die toekoms en om dan nuwe idees aan die hand te doen. Dr. Punt is een van die bevoorregte persone by wie nuwe gedagtes voortdurend blykbaar spontaan gebore word. As mens terugdink aan die bestaan van die Genootskap tot dusver, dan val dit op hoeveel van die projekte wat aangepak is by dr. Punt ontstaan het. Niemand het beter as hy die hele opset en funksie van die Genootskap besef nie. Hy het hom self in die buiteland op hoogte gestel van die aard van dergelike liggame.

Die notule meld nie wie die inisiatief tot die stigting van die Genootskap Oud-Pretoria geneem het nie, maar dit kan seker veilig aangeneem word dat die idee by dr. Punt ontstaan het. Dit was altans aan sy huis waar 'n twaalftal persone op die aand van 22 Maart 1948 byeen gekom het om die stigting daarvan te bespreek.

Dit sal te veel tyd neem om al die gevalle te noem waarmee die Genootskap Oud-Pretoria die afgelope elf jaar mee te doen gehad het, baie waarvan van die inisiatief van dr. Punt uitgegaan het.

Daar was die op die gebied van straat- en wyksname. Baie daarvan wat vandag algemeen in gebruik is, het by hom ontstaan. Ons dink aan die name: Waltloo, Lukasrand, Maria van Riebeecklaan en die Van Riebeeckreservaat, laasgenoemde twee uit die jaar 1952.

Ons dink ook aan dr. Punt se besorgdheid oor die voorkoms van die stad Pretoria, veral die historiese karakter daarvan. Dit het veral tot uiting gekom waar hy gepleit het vir die behoud van ou geboue soos die Z.A.S.M.-geboue, die Staatsgimnasium, die Hollardhuis, die Operagebou, die Staatsmodelskool, ook vir die "historiese Kerkplein" soos hy dit genoem het. Dit het ook tot uiting gekom waar hy protesteer het teen nuwe geboue, soos b.v. die nuwe Provinsiale Gebou. Toe die perseel

←

*Dr. Punt en mev. Wilson teen die einde van 1957 saam met 'n groep st. V-leerlinge van Danvilleskool gefotografeer. Die groep verskyn langs die visvywer wat in 1952 ter ere van Jan van Riebeeck deur jonkheer W. van Beyma ontwerp en onthul is. Die visdammetjie is in die vorm van die 17de-eeuse Kasteel in Kaapstad. Die idee om die koms van Van Riebeeck na S.A. op so'n unieke wyse te gedenk het oorspronklik by mnre. P. A. Badenhorst en C. F. Hendrikz ontstaan en is verder gefinaliseer deur dr. Punt en jonkheer Van Beyma.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

waarop die Bras Perreirahuis 'n paar jaar gelede te koop aangebied is, het die idee om hierdie oudste bestaande huis van Pretoria elders te herbou van hom gekom — en hieruit is die gedagte van 'n opelugmuseum gebore wat na ons almal hoop eendag verwesenlik sal word.

Die wapen van die Genootskap Oud-Pretoria is hoofsaaklik volgens die idees van dr. Punt saamgestel. 'n Sinryke wapen is dit wat veral die verlede van die stad versinnebeeld so ver terug as die Verenigde Oos-indiese Kompanie en Ouddorp, die bakermat van die Pretoriusse. Toe die eeufees van Pretoria gedenk is, het dr. Punt gesoek na iets wat van meer blywende waarde sou wees as die feeste wat kom en gaan. Toe het hy op die gelukkige gedagte gekom om 'n skooltuinekompetisie in die lewe te roep met as opset die aankweek van liefde by die jeug vir die tradisionele plantegroei van Pretoria. Die pragtige skild wat daarvoor uitgeloof word, is ook hoofsaaklik volgens sy idees ontwerp.

Daar is nog baie ander gevalle om op te noem. Waar dr. Punt nou 'n wyer werkkring betree, vertrou ons dat hy die Genootskap Oud-Pretoria nie sal vergeet nie. Trouens die Genootskap neem nie van hom afskeid nie, dit sien slegs van hom af as voorsitter. Die Genootskap sal seker nog baie van sy dienste gebruikmaak.

— F. J. DU TOIT SPIES.

---

# Dr. Willem Punt as Onderwysman

DAMES EN HERE,

Laat my dadelik sê dat as 'n na-oorlogse Pretorianer ek beslis onbevoeg is om dr. Punt se onderwysloopbaan enigsins volledig te skets, veral as ons daaraan dink dat hy nie alleen byna 40 jaar diens in Pretoria agter die rug het nie maar ook selfs sy hele skoolopleiding hier ontvang het. 'n Prestasie waarop seker baie min onderwysers kan boog en 'n feit wat miskien beter as enigiets anders verklaar waarom hy by uitnemendheid bevoeg was om 'n vereniging soos die Genootskap Oud-Pretoria te stig en te lei.

Ses weke na sy geboorte in Germiston in 1900 word sy familie deur die Britse besettingsmagte na Holland teruggestuur. Na die vrede keer hulle egter terug na Transvaal, maar vestig hulle dié keer in Pretoria, waar hy later 'n leerling aan die Eendrachtskool word, 'n skool wat tans nog hier in die middestad bestaan.

Hier vind 'n voorval plaas wat nie alleen 'n groot invloed op hom sou hê nie maar tewens ook een van dr. Punt se mees uitstaande persoonlikheidskenmerke sou blootlê nl. sy deursettingsvermoë en volharding. Een van sy onderwysers, mnr. Kosie de Wet, wat tans nog tydelik in Pretoria



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

diens doen, gee hier 'n les oor die Groot Trek en vertel van Van Rensburg wat in die vreemde Noorde vermoor is, maar niemand weet waar of onder watter omstandighede nie. Hierdie verhaal gryp hom so aan dat hy tuis plegtig aankondig dat hy eendag hierdie plek gaan vind.

Soos u weet is hierdie taak na meer as 50 jaar so pas voltooi. 'n Taak deur hom onderneem voer hy ten alle koste uit!

Sy hoërskoolopleiding ontvang hy op die Hogere Oost Eind School. Na matriek hou hy skool om daarna Normaalkollege toe te gaan toe daar, in 'n poging om mans na die onderwys te lok, gratis opleiding verskaf word. Terloops, 80 mans het hulle aangemeld, 'n rekord vir daardie tyd.

Nadat hy eers tydelik op o.a. Randjiesfontein en Wonderboom-Suid skoolgehou het, kry hy sy eerste permanente aanstelling op Brakpan. Sy hart staan egter Pretoria toe en gou is hy terug en wel op die personeel van Robertshoogteskool, tans die Genl. Andries Brink-skool. Hiervandaan na die „Railway School" tans Suidskool, waar hy onderhoof word. In 1935 word hy hoof van die Voortrekkerskool en toe dié skool in 1946 sluit, gaan hy in dieselfde hoedanigheid na die pasgestigte Danvilleskool.

Uit die name van bogenoemde skole blyk dit dat dr. Punt hoofsaaklik onderrig aan leerlinge uit mindergegoede huise moes gee.

Sy vermoë om die beste uit hierdie kinders te haal, om met hulle ouers harmonieus saam te werk, was vir my 'n besondere kenmerk van sy optrede.

Om hierin te slaag het hy deurgaans aangedring op harde werk in die skool angesien hierdie kinders alleen deur self hard te werk en deur eie inspanning sukses in die lewe kon behaal. Hy was dus altyd 'n voorstander van gereelde en goed gekontroleerde toetse en eksamens.

In die tweede plek het hy geglo dat hierdie kinders selfvertroue en selfagting ontwikkel deur deelname aan en pretasie in buitemuurse aktiwiteite.

So vind ons dat daar altyd aktief aan die rugby, korfbal, atletiek, jukskei, sagtebal, ens. deelgeneem word. In 1937 en 1938 was hy Voorsitter van die Pretoria-Laerskool Atletiekvereniging, 'n liggaam wat terloops aanstaande jaar sy 40 jarige bestaan herdenk. Dit is amper vanselfsprekend dat aan sy skole altyd 'n sterk afdeling van die Voortrekkerbeweging sou wees.

In die derde plek is dissipline 'n besondere kenmerk van die skole waar hy gearbei het. Alhoewel dit laerskole was, het hy altyd gesorg vir 'n sterk kadetafdeling. In 1953 ontvang hy dan ook 'n spesiale medalje van die Verdedigingsmag vir 25 jaar troue diens as kadetoffisier.

*Sy besondere kennis van Transvaalse geskiedenis het hy altyd teen 'n aardrykskundige agtergrond gesien en algaande het hy ook 'n besondere liefde vir alle inheemse plantegroei ontwikkel. Hiervan het hy goed gebruik gemaak deur hom onvermoeid te beywer vir 'n mooi uitgelegde skoolterrein, maar dan moet dit versier wees met inheemse blom- en plantsoorte. Hierdeur het hy gehoop om by sy leerlinge 'n sin vir skoonheid en orde*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

*en 'n liefde vir die inheemse te laat posvat.*

Tydens Pretoria se Eeufees neem hy dan ook die leiding in die organisasie van 'n Skooltuinkompetisie vir Pretoriase laerskole.

Deur sy toedoen besit Danville 'n pragtige versameling vlae van S.A., korrek tot in die kleinste besonderhede. Van hierdie vlae is tot in die buiteland bekend en van gebruik gemaak.

'n Van Riebeeckreisfonds aan sy skole was 'n poging om hierdie kinders dele van ons land te laat sien en ken wat andersins buite hulle vermoë sou gewees het.

Maar ook het hy intens belang gestel in die wyere onderwysaangeleenthede. Hy het geglo in 'n goed georganiseerde onderwysprofessie. Hy was dus 'n troue lid van die T.O. en in Pretoria 'n stigterslid van die Kring van Afrikaanse Skoolhoofde.

Alhoewel sy groot werk- en dryfkrag 'n mens soms verbaas het, het sy voortdurende studie, navorsing, reise en skoolwerk dit tog vir hom onmoontlik gemaak om ook aan hierdie bedrywighede sy volle aandag te gee.

Die waardering vir sy diens en die respek wat hy van ouers en gemeenskap ontvang kan ten slotte nie beter weerspieël word nie as in die feit dat die Skoolkomitee van Danvilleskool 'n aantal jare gelede eenparig aanbeveel het dat daardie skool dr. Punt se naam moes dra. Dr. Punt het op daardie tydstip nie hiervoor gevoel nie en hulle moes die plan laat vaar.

As pasaangestelde direkteur van die Stigting Simon van der Stel beëindig hy nou sy onderwysloopbaan maar uit die aard van die saak weet ons dat hy altyd noú aan die onderwys verbonde sal bly. Ons beste wense vergesel hom.

C. F. HENDRIKZ,
*Hoof, Die Heuwelskool, Pretoria.*

---

# ONS NUWE VOORSITTER SE WAARDERING VIR DIE WERK VAN DR. PUNT

BAIE graag vra ek van u 'n paar oomblikke om van harte te onderskryf wat hier vanaand gesê is by wyse van waardering vir die goeie werk wat dr. Punt deur die jare, vanaf die stigting tot vandagtoe, aan ons Genootskap gelewer het. As medewerker van dr. Punt op meer as een gebied het ek steeds hoë waardering gevoel vir sy vriendskap, sy ywer, sy deursettingsvermoë, sy heldere insig en sy harde werk. In 1952 toe die Transvaalse Van Riebeeckfeeskomitee hom nodig gehad het, het hy by



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ons aangesluit en 'n leidende en interessante rol in ons werksaamhede gespeel. Sedert daardie tyd het ek baie gelukkig met hom saamgewerk . . . en nou nog in die Stigting Simon van der Stel.

As onderwysman en historikus het dit byna vanself gevolg dat hy die vrugte van sy historiese navorsing vir die breë lae van ons stad en Suid-Afrika se inwoners beskikbaar sou stel. So was sy belangstelling in en sy arbeid ten behoewe van die Trichardttrekmonumentfonds en die Genootskap Oud-Pretoria kragtig en tegelykertyd prakties en vrugbaar.

Vir my persoonlik was dit altoos 'n besieling en 'n spoorslag tot inspanning wanneer dr. Punt weer 'n keer sy planne vir die organisasies waarin ons saamgewerk het, met my kom bespreek het, soms aan sy huis, soms op die plaas en soms op kantoor.

Sy belangstelling in ons ryke volksverlede is grenseloos, sy energie en werkvermoë is eindeloos en sy omgang met sy medewerkers is altoos simpatiek en waarderend. Vir sy vriendskap en hartlike samewerking deur die jare dank ek hom baie hartlik en namens u dank ek hom ook vir gewaardeerde leiding en heldere voorligting. Gelukkig is die liggaam aan wie dr. Punt sy hulp verleen en gelukkig is die Volk van Suid-Afrika by wie hy hom onvoorwaardelik in diens gestel het. Ons het meer sulke manne nodig.

En nou, wat die toekoms betref, is ek en ons almal bly dat hy sal voortgaan om in die hoedanigheid van 'n gewone bestuurslid die Genootskap Oud-Pretoria nog van diens te wees.

G. W. EYBERS,

*Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria.*

---

## Mnr. J. J. Mulder

MNR. J. J. MULDER, die „uiters bekwame Onder-Rektor" van die Pretoriase Onderwyskollege (volgens prof. Lighton) wat as Rektor van die Potchefstroomse Onderwyskollege aangestel is, is alreeds vir 'n hele aantal jare lid van die Genootskap Oud-Pretoria. Mnr. Mulder is 'n Wes-Transvaler van geboorte en het in Potchefstroom gestudeer waar hy die grade B.A., B.Sc. en M.Ed. behaal het. Hy studeer tans vir die graad D.Ed. Hy is 'n bekende kultuurleier en is Kommandant van die Onderwyskollege se Voortrekkerkommando, vir byna 20 jaar 'n baie prominente lid van die Pretoriase Kunsvereniging en daarbenewens het hy 'n leidende aandeel in die werksaamhede van die T.O. Mnr. Mulder was nege jaar lank Vise-Rektor van die Pretoriase Onderwyskollege, waarvan hy ses



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



jaar as Rektor waargeneem het. Die Genootskap Oud-Pretoria wil mnr. Mulder baie hartlik gelukwens met sy promosie. Ons beste wense vergesel hom en sy gesin en ons vertrou dat hy in sy nuwe verblyfplek sy invloed sal gebruik dat in die eertydse Hoofstad van Transvaal 'n Genootskap Ou-Potchefstroom in die lewe geroep sal word. (Red.)

# Dr. en Mev. I. M. Meyer

## IN MEMORIAM

### ‡ DR. MEYER

BY die kerk en by die graf, op Woensdagmiddag het ons weer ontmoet — ons klompie wat 26 jaar gelede saam met Dr. Meyer op Delville-skool gewerk het. Toe was hy 'n jong man in die fleur van sy lewe, nog



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

ongetroud, die jongste hoof wat destyds in so 'n belangrike pos aangestel was.

Wat het daardie verslae groepie van heinde en ver, na soveel jare, gedwing om hierdie laaste eerbewys te bring?

In gedagte was ons weer terug op Delville, as beginners, jonk en onervare, om as werkspan saamgesnoer te word tot 'n hegte eenheid, deur die geesdrif, onbaatsugtige werkkrag en besieling van ons hoof. Ons leuse: „Mik Hoog", was daadwerklik nagestreef en binne bestek van 'n paar jaar was Delville 'n modelskool wat 'n hoë standaard gehandhaaf het op die gebied van beide skoolwerk en buitemuurse aktiwiteite. Hierdie prestasies beskou ek nog as enig in sy soort. Wat ek vandag op onderwysgebied probeer bereik, is, deur Gods genade, aan dr. Meyer te danke, vrug op sy arbeid.

Op meriete van welverdiende en lonende arbeid was hy bevorder tot die hoë onderwysposte wat hy later beklee het en so het sy invloedsfeer deur die jare verbreed.

Deurgaans was hy die soeker na die wesentlike in alles. Sonder vooroordele wou hy met hart en verstand ontvanklik staan vir die lewe in sy volheid en verskeidenheid en nie slegs die aangename ervaar nie. Hy het gesoek na die sin en doel van dinge, veral van die geestelike wat diep verborge lê. Die aktuele was geldend en steeds was sy strewe die doeltreffende uitlewing en bereiking daarvan.

Die onkruid was nie toegelaat in sy tuine wat hy met soveel persoonlike aandag laat versorg het nie. Dit weerspieël die mens wat in sy diepste wese ordelik, gedissiplineerd en netjies was — sy persoon, sy huis, sy kantoor, sy handskrif — dit alles getuig hiervan.

Hy was altyd die beskeie, die hoflike, die bedagsame, die verfynde gees, korrek en presies in sy denke en optrede. Hoe dikwels was hy die simpatieke luisteraar, die man wat nie te besig was om aanvoeling te soek en 'n paar gedagtes te wissel met sy naaste nie. Ek glo dat die nederige tuinjong nie minderwaardig, en die hoogste amptenaar nie meerderwaardig in sy teenwoordigheid gevoel het nie. Daarom ook dat ou Ben, die bantoebediende, soos 'n kind gehuil het oor sy heengaan, en dat sy studentemaat, min. Jan de Klerk, hom help weglê het.

En hierdie man wat so 'n harde werker was kon en wou ook saamspeel. Hy was 'n goeie rugbyspeler, 'n staatmaker op die tennisbaan; en hy het een aand by 'n Kenmekaar die pyltjies sekuur almal kol toe gestuur. Hy kon die gesellige kameraad wees en vir die wat hom leer ken, en genoegsaam belang gestel het, was sy vriendskap blywend en verrykend.

Miskien was ons meestal te bewus van sy erns om te besef dat die fyn plooitjies by die oë van 'n fyn humorsin getuig, en dan was sy gevatte spitsvondigheid soms vreemd verrassend.

As gevolg van sy hoë standaard was sy goedkeuring 'n kosbare kleinood en 'n aansporing tot groter daadkrag. Daarom het daar so 'n bevrugtende



Digitised by the University of Pretoria, Library Services






Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en vormende invloed van hom uitgegaan en was dit 'n besondere voorreg om onder hom te werk.

Sy beginselvastheid het geen middeweg geken nie. Doelgerig en met oortuigingskrag het hy afgestuur op die ideale. Hy het in sterk en moedige verset gekom teen traak-my-nie-agtigheid of dit wat min-of-meer was.

Sy hoë norme het meegebring dat hy die selfverloënde pad van die eensame moes wandel, die geroepene op wie God „die las van die wete" gelê het. Hierdie verantwoordelikheidsbesef en roepingsbewustheid het sy lewenshouding en bestemming bepaal en hierkragtens was hy onverbreekbaar verbonde aan die opvoeding en onderwys van die jeug. Dis die rede waarom hy verkies het om as Rektor 'n praktiese bydrae te lewer met die opleiding van leerkragte.

Hy was een van die stigterslede van die Voortrekkerbeweging en het deur al die jare aktief daaraan deelgeneem. As Afrikaner het hy geglo dat die enigste en blywende onoorwinlikheid in 'n volk nie groei uit seëviering oor uiterlike geweld nie, maar uit die onverwoesbare wil om nooit die verslawing van die gees te erken of te aanvaar nie.

Dis die man wat ons leer ken en liefkry het. En so dikwels het ek gewonder of die studente hom ook so ken en na reg waardeer. Die huldigingswoorde van die Studenteraadsvoorsitter, mnr. Abe de Beer, by die roudiens, is beslis 'n positiewe antwoord hierop. Dis verblydend en lofwaardig dat dr. Meyer se stempelafdruk op die studentegemeenskap waarneembaar is, soos dit rus op die netjiese gronde, lesinglokale en welversorgde tuine.

* * *

## ‡ MEV. MEYER

„OPMERKSAAM gaan sy die werksaamhede van haar huis na, en die brood van luiheid eet sy nie.

„Haar seuns noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar:

„Baie dogters het hul knap gedra, maar jy oortref hul almal.

,Gee haar van die vrug van haar werke en laat haar werke haar prys in die poorte."

Hiermee wil ons hulde bring aan mevrou Nellie Meyer, eggenote van wyle dr. I. M. Meyer, 'n vrou van uitstaande gehalte, want in alles was sy die verpersoonliking van dit wat in 'n vrou gesoek word.

Daarom ook dat sy bekend gestaan het as die inspirasie en rugsteun van 'n man soos Ignatius Meyer. Sonder haar troue bystand sou hy heel-

*Een van die laaste foto's wat van wyle dr. en mev. Meyer geneem is. Hierdie foto en almal wat hierop volg is geneem deur mnr. J. P. Venter, Dosent in Kunsvlyt aan die Onderwyskollege. Ons hartlike dank aan mnr. Venter dat hy sy groot voorraad foto's tot ons beskikking gestel het en daardeur meewerk om die gehalte van hierdie uitgawe aansienlik te verhoog.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

weglok, en vir hom goeie betrekkings met verhoogde besoldiging aangebied — so het hy self vir my meegedeel — maar vir hom was die onderwys steeds 'n roeping.

In 1946 het hy die doktorsgraad aan die Pretoriase Universiteit grotendeels met privaatstudie behaal en in die daaropvolgende jaar, 1947, word hy toe inspekteur van onderwys op Rand-Sentraal, en daarna op Zeerust, in sy geliefdkoosde Wes-Transvaal. Hy was toe gewis een van die bekwaamste en gewildste inspekteurs wat Transvaal ooit gehad het, want hy het die *kind*, die *skool* en die *mens* lief gehad, en deur en deur geken. Met almal het hy besonder mooi en flink oor die weg gekom, met laer- en hoërskool, met Afrikaans- en Engelssprekend, en met die publiek. So het ons twee vollerangse kollegas geword, en het ons ook saam inspeksies gedoen.

En sowat 'n jaar nadat ek rektor van die Johannesburgse Onderwyskollege geword het, word hy benoem as rektor van die Pretoriase Onderwyskollege, en was ons twee weer 'n keer vollerangse kollegas en bure — tog maar eintlik vir 'n kort tydjie, want in 1952 is hy na Hoofkantoor gesekondeer as Waarnemende Sekretaris van die T.O.D., en toe benoem as Adjunk-Direkteur. Gedurende die Direkteur se lang afwesigheid oorsee in 1955, het Naas as Waarnemende Direkteur opgetree en hom met groot eer en welslae van die intens veeleisende en hoogs verantwoordelike taak gekwyt. Almal, Engels- en Afrikaanssprekend, het hom lof toegeswaai vir die bekwame, verstandige en taktvolle wyse waarop hy opgetree het. Die Johannesburgse Onderwyskollege voel terdeë geëer dat sy naam op die hoeksteen van ons grootste dameskoshuis gegraveer is — as Adjunk-Direkteur van ons Departement.

Al die jare het hy met onvermoeide ywer gewerk, maar met al die opgehoopte verpligtinge het sy gesondheid vir hom begin pla, en het hy besluit om Hoofkantoor vaarwel te sê en terug te keer na die Kollege wat sy uiters bekwame onder-rektor al die tussenjare so mooi, met die medewerking van sy professionele en administratiewe personeel, aan die gang en die groei gehou het! Dit was toe in 1956 gewees. Kort daarna het hy 'n operasie ondergaan, die herstel het maar effens stadig gegaan, maar teen die end van verlede jaar was hy weer reg vir die werk en kon hy weer sy volle gewig ingooi — „he was his old self, that generous ardour burning within his breast — as strongly as ever."

Ek het maar net aan 'n paar aspekte van 'n veelsydige, sterk gedissiplineerde, tog toegewyde, beskeie en mensliewende man geraak. Min met woorde, wel met dade, met offervaardige voorbeeld en die pliggetroue uitvoering van sy pligte, van sy ideale, en met sy onselfsugtige leiding het hy verbasend sterk invloed uitgeoefen. Die diktator skep 'n hele bende toekomstige klein diktators — die kwaai ouer, die kwaai meester werk net



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

waarskynlik nie instaat gewees het om die hoogtes wat hy wel bereik het, te bereik nie. Sy is dit wat die lewe vir hom aangenaam gemaak het deur haar stille vroulikheid wat sy soos 'n sieraad om haar hals gedra het. Sy was soos 'n skoon blom wat onopmerklik 'n sagte, soet geur versprei het — en nou dat dit gekneus en afgepluk is kom dit soveel sterker na vore.

Nie net was sy 'n sieraad vir haar huis waar haar sorgsaamheid en liefde haar kinders en huishouding gedra het nie, maar ook in die samelewing, alleenstaande sowel as aan die sy van haar man, het sy op haar eie besondere en beskeie manier haarself laat geld. Een van haar baie mooi eienskappe was dat sy haarself nooit op andere wou afdwing nie. Sy het die gemeenskap met hierdie pragtige eienskap gedien sowel as met haar baie talente wat van haar 'n uitsonderlike vrou gemaak het. Haar hande het vir niks verkeerd gestaan nie; so kan vandag baie vroue wat met haar in verskeie huishoudkunde-kompetisies meegeding het, van haar bekwaamheid getuig.

Altyd korrek en smaakvol, selfs op die tennisbaan, het sy bewondering van al haar vriendinne afgedwing en die wat in haar 'n vriendin gevind het, het dan ook 'n vriendskap gevind van blywende waarde.

Ons wil haar loof nie net omdat sy weg is nie, maar omdat die behoefte baie duidelik gevoel is om hierdie mooi toegewyde persoonlikheid wat so op haar eie stil manier soveel uitgeoefen het, as voorbeeld aan talle ander voor te hou.

Die silwerdraad van haar lewe is afgesny, en die goue oliekan het stukkend in die put geval — so ook het die lieflike gees na God teruggekeer, maar dank God dat alles nie tevergeefs is nie.

— (MEV.) A. J. ROODE.

---

# God Spreek Deur Hulle Dood

Rede uitgespreek by geleentheid van die Roudiens oor Dr. en Mev. I. M. Meyer op 8 April 1959

Teks: Hos. 6:1 en 2.

„Kom en laat ons terugkeer tot die Here, want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind.

Hy sal ons na twee dae lewendig maak, op die derde dag laat opstaan, sodat ons voor Sy aangesig kan lewe."

*'n Gedeelte van die groot skare wat die begrafnis van wyle dr. en mev. Meyer in die nuwe begraafplaas op Zandfontein, buite Pretoria, bygewoon het. Op die agtergrond kan die Magaliesberg, wat hier by Pretoria begin, gesien word.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

1. Indien my taak vanmôre was om die vertolker te wees van die skok, verbystering, droefheid, vrae, selfs opstand van baie harte, dan sou ek nie daartoe instaat wees nie; dit is onmoontlik! In my eie hart sidder die droefheid.

Ons voel verslae en ontsteld. Ons voel so innig saam met die familie. Want ons het hom liefgekry as vriend. Miskien was dit eers nie so nie, maar ons het hom leer ken. En die trots, agting en respek het in ons gegroei. Hy was altyd hoflik, korrek en bedagsaam.

So ook mevrou: Sy was die perfekte gasvrou, die getroue gesellin.

Hulle altwee was sierade, die trots van ons Kollege! Inderdaad: ons voel verskeurd, geslaan!

Nee, ons sou nie hierdie suiging van gevoelens kon vertolk nie!

2. Nee, ek voel meer geneë om vir u die gebeure te verwerk, te ontleed en te interpreteer. Met ander woorde, ons wil fyn luister: Wat wil God sê deur hierdie ontsettende gebeurtenis tot ons?

Ons wêreld is geskud. Ons wil die seismograaf van Gods Woord gaan lees — Wat staan daar geregistreer? Hoe naby wou God hierdie skudding aan my eie lewe laat kom?

Soos Daniël wil ek my deur God laat gebruik om die Skrif teen die muur te lees.

En dan. Dan kom ons teks met 'n magtige akkoord in my ore!

„Kom laat ons terugkeer tot die Here . . . ."

3. Want wat is die duidelike boodskap van hierdie ontsettende gebeurtenis?

Die eerste boodskap is dit:—

> Dit was so onverwags, so skielik! Niemand het dit verwag nie! En dit was op so 'n onmoontlike tyd! En hulle was so versigtig met 'n motor! Dit is waar wat Dawid gesê het in 1 Sam. 20:3:—
>
> „Daar is maar net een tree tussen my en die dood."
>
> Hou God hulle twee, die aansienlikes, nie as eksemplare voor aan u en aan my nie! Die dood is nie iets ver en onpersoonliks nie! Enige oomblik kan dit toeslaan en selfs ons Rektor en sy eggenote tref.

Die tweede boodskap:—


> Hoekom die hoof, die top, die Rektor? Het dit al ooit gebeur met die hoof van so 'n inrigting? Is dit nie 'n duidelike boodskap nie! Omdat Hy wou spreek tot hierdie inrigting!

Die derde boodskap:—

> Tereg het die studente gesê en geskryf: „'n Seder het geval." Ons



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Mnr. J. Small, Waarnemende Vise-Rektor van die Onderwyskollege, aan die woord tydens die roudiens vir studente en dosente in die Gimnastieksaal. Op die verhoog, voor regs, sit die twee studenteleraars, di. C. L. van der Berg en D. J. Viljoen en mnr. J. J. Mulder, Waarnemende Rektor.*

het almal op hom geleun. Hy was die finale gesag, volgens ordonnansie en volgens die S.R. Konstitusie — die finale appél in sake van die Kollege.

Nou is hy weg, en sy steun weer, die een op wie hy geleun het, mevrou, is ook weg.

Die dak van hierdie huis is afgeruk en ons kyk die blou ruimtes in — en sien God! Die absolute gesag! Wat ver bokant ordonnansies staan! Ons sien Hom in sterke lyne voor ons.

En tog is daar 'n vierde boodskap af te lei:

Omdat sy lewe so skielik afgesny is, word die boodskap van sy lewe in vlammende letters — soos 'n onsigbare plakkaat voor ons opgehang!

„Hoe het die helde geval, diep in die geveg."


4. En tog staan volgens ons teks een ding baie vas!

Hy het dit gedoen! Hy het geskeur, geslaan! Dit was nie die noodlot of die toeval nie! Daarvoor is die omstandighede in elk geval te sprekend!

Nee, ons glo wat in Gods Woord staan:



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Die studente en dosente verlaat die terrein van die Gimnastieksaal na afloop van die roudiens.*

„Van julle is selfs die hare van julle hoof almal getel."

En 'n tweede ding staan vas. Hy het dit gedoen met 'n doel! Hy wil iets daardeur sê! Oortuigender, welsprekender, verplettender as die magtigste preek!

5. Hy wil sê: „Kom laat ons terugkeer tot die Here."

U vra miskien, is dit nodig? Is ons nie 'n Christelike inrigting nie? Open ons nie met gebed, het ons nie 'n Christelike grondslag nie?

Ek sal nie eers antwoord nie — Ek wys u maar net na die hoek van Duncan- en McKenziestraat.

6. Verder . . . daar is so 'n treffende ooreenkoms tussen vers 2: „Hy sal ons na twee dae lewendig maak, op die derde dag laat opstaan," en 'n ander gebeurtenis.

Dit is tog 'n heenwysing na Hom wat op die derde dag self opgestaan het, na Hom wat gepraat het van die koringkorrel wat moet sterwe, en na Hom wat gepraat het van die wedergeboorte, daardie geestelike opstanding uit die dood van ons misdade en ons sondes.

Lees ook Hosea verse 2 en 3: Hy skeur om te verbind. Hy slaan om te genees. Daar is genade in sy traf. Hy maak dood om te laat lewe. Ons moet sê soos die dissipels gesê het: „Here, na wie anders sal ons gaan?"

7. Luister na dr. Meyer se boodskap vir „amfi"-nuus: „Dit is 'n diep gedagte dat ons in die skadu van die monument rondom die Woord van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

God, die geleentheid sal hê dat ons en ons jeug opnuut kan getuig dat ons glo in Christus die oplossing van ons persoonlike en landsprobleme te vinde is."

Dit is sy laaste boodskap en dit sal gepubliseer word. Hy spreek na sy dood helderder as wat sy lewe kon spreek. Kom laat ons terugkeer! Sal u nie, dosente? studente? As u na niks anders wou luister nie, dan luister tog hierna! Dink aan Luther wat deur die dood van sy vriend tot lig gekom het.

8. Maar ek noem 'n verdere, grimmige, ontstemmende gedagte! Kyk na vers 5:—

„Julle liefde is soos 'n môrewolk en soos 'n dou wat vroeg weer verdwyn." Ons sal vergeet van hierdie ontsettende ongeluk; van dr. en mev. Meyer. Die lewe sal voortrol met sy ontsettende pas. En al hierdie indrukke sal verdwyn! En hulle sou ten opsigte van u verniet gesterf hêt as u nie vir Jesus Christus aangryp met die noodroep in u siele, en as Jesus Christus nie u hart herskep nie!

9. Dis 'n roudiens hierdie. Ons treur ja, want 'n lewe is afgesny en 'n verantwoordelikheid het opgehou. 'n Taak is met eer vervul. Maar tog is ons Christene, ons glo en weet die dood spreek nie die finale woord nie. Die graf is nie die einde nie.

Ons rou — en tog dank ons God dat Hy so 'n man en so 'n vrou aan ons geleen het wat só 'n vrou aan ons geleen het wat só tot ons kon spreek deur hulle lewe en veral — deur hulle sterwe!

Mag sy en haar dood vir baie — vir u en vir my — tot lewe wek . . . ! „Sodat ons voor Sy aangesig mag lewe."

D. J. VILJOEN,
*Studenteleraar.*

---

*Op* 2 *September* 1959 *het prof. R. E. Lighton, Rektor van die Johannesburgse Onderwyskollege, voor 'n groot skare van studente en dosente in die gimnastieksaal van die Pretoriase Onderwyskollege die onderstaande treffende huldigingsrede oor wyle dr. I. M. Meyer gelewer. Prof. Lighton is 'n oudleerling van die eertydse „Gezina School" in Pretoria.*

# Huldigingsrede

## oor wyle Dr. en Mev. I. M. Meyer

IGNATIUS (NAAS) MEYER is in 1904 gebore in die distrik Bloemhof, Westelike Transvaal, uit 'n Afrikaanse boerefamilie van elf kinders,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

waarvan hy die sewende oudste was. Sy ouers, afkomstig uit die Oudtshoorndistrik, Kaapprovinsie, het hulle kort voor die Anglo-Boere Oorlog in die distrik Bloemhof gevestig. Na die oorlog was daar van die boerdery nie veel oor nie, en in die tussentyd het die huisgesinnetjie steeds aangegroei. Teen die tyd dat Naas gebore is, was sy ouers weer goed op die been. In 1917, toe hy slegs dertien jaar oud was, het hy egter sy vader verloor, met die oudste broers nog steeds van die huis afhanklik. Dat sake finansieel toe sleg daar uitgesien het vir die groot huisgesin sonder vader is te verstaan. Dog sy oorlede moeder was altyd besield met die gedagte dat haar kinders moes leer, want, het sy geglo, geleerdheid kan niemand mens ontneem nie. Hiervoor was haar kinders haar altyd baie dankbaar.

Naas het dit dus maar swaar gehad om geleerd te kom. Nadat hy matriek gemaak het, soos trouens ook die meeste broers en susters, het Naas die Potchefstroomse Normaalkollege besoek alwaar hy die $O_2$-Onderwysersertifikaat behaal het. Die geld vir daardie opleiding moes hy van sy ouer broers leen, asook van die Transvaalse Onderwysdepartement. Die gevolg was dat hy teen 1925, toe hy in die onderwys getree het, 'n geweldige studielas gehad het om af te werk. Hy het dit dus maar skraal gehad, en luukse dinge soos sakgeldjies was maar uiters min. Een ding staan soos 'n paal bo water: *een van die mooiste karaktertrekke van 'n groot gesin is in die Meyer s'n geopenbaar, naamlik dat die een broer die ander gehelp het om bo uit te kom,* al was dit net om hom die geld te leen.

In 1925 het Naas begin skoolhou, as hoof van 'n tweemanskool in die distrik Bloemhof, met sy tweede jongste broer by hom in standerd vyf, en sy jongste boetie ook in dieselfde groep. Hulle sê hulle het dit hotagter gehad, want in die klaskamer het Naas verwag dat sy broers hulle beste moet uithaal!

Drie jaar daarna, in 1928, het hy sy B.A.-graad privaat afgelê, asook sy H.O.D. in 1929, beide aan die Potchefstroomse Universiteitskollege.

In 1930 het hy die platteland verlaat en na die Rand getrek, waar hy assistent geword het aan die Paul Krugerskool, Alberton. In dieselfde jaar het hy sy M.A.-graad met privaatstudie behaal. Twee jaar daarna, in 1932, word hy toe hoof van die pasgestigte Delvilleskool, Germiston. Hierdie skool het gaandeweg bekend geword as dié modelskool waarheen onderwysers en studente gestuur is om waarnemings te doen. En dit was toe juis hier in 1941 by Delvilleskool, dat ek vir mnr. Meyer, soos ek hom destyds geken het, ontmoet het.

Ek was toe inspekteur van onderwys, pas oorgeplaas daarheen, en my voorganger, wyle mnr. Ben Viljoen, en my nuwe kollega op die Oosrand, wyle mnr. Colin Mann, het my vertel en verseker van die verskeie voortreflike skole op die Oosrand, en het nogal spoggerig verklaar: „Dis die uitstaande kring in Transvaal!" Mens gooi altyd bietjie sout by. Maar ek



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

onthou o.a. die Brakpan-Oosskool waar mnr. Naas Prinsloo die hoof was, die Dalviewskool, Brakpan, waar mnr. Gert van Rooyen hoof was, albei vandag inspekteurs van onderwys; en die Primrose-Oosskool waar mnr. Jan de Klerk hoof was, toe later lid van die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse Provinsiale Raad, en tans Senator en Minister van Arbeid. Ook etlike ander, maar veral Naas Meyer se skool, Delvilleskool! Hulle skole was ek bevoorreg om intiem te leer ken, maar nou wil ek graag oor Delvilleskool praat. Woorde wek, maar voorbeelde trek!

Eerste indrukke is dikwels van blywende belang. Inspekteurs het al dikwels in hulle jaarverslae *oor die belangrikheid van die uiterlike geskryf: sindelikheid, die estetiese aspekte, die mooi voorbeeld wat die skool vir die kind stel, en sodoende vir die huis — huidige en toekomstige — die heilsame invloed van die skone en die fatsoenlike. So was dit by uitstek by Naas se skool: blombeddings, blomstruike, sierbome, klimopranke, grasperke — so va ndie straat af aantreklik, aanloklik, fraai, grasieus. En binne net so: die binneplein glad geteer, reg, nog blomme, alles sindelik, harmonieus, niks uitermate nie — altyd paslik — alles die vergestalting van die man self. En net so die hele skool: netjiese mooi versierde klaskamers, lokale, kantoor — niks spoggerigs nie, altyd smaakvol, opbouend.*

En net so die skoolwerk! Maar ek loop my bietjie vooruit. My kollega, Colin Mann, het my met die grootste beslistheid verseker dat Naas se skool so goed is dat ons net vir die *een* dag, so vir die skyn, hoef inspeksie te hou; want daar sal geen fout wees nie, ook sal ons vir hom niks kan leer nie. Ek laat my nie maklik oortuig nie. „Seeing's believing", het ek gesê: drie, vier dae minstens! Maar Colin is skielik weg na 'n ander kring toe, en heel kort daarna is hy oorlede. Ons sou hom tog uitgenooi het. Die inspeksie moes toe oorstaan. Toe kry ek 'n nuwe kollega dr. (destyds mnr.) Theo le Roux — ook ene wat hom nie maklik laat oortuig nie. Ons besluit toe, 'n deeglike inspeksie, hoor, alles mooi op die keper beskou: met die skyn sal ons volstrek nie tevrede wees nie.

Nou ja, toe kom die inspeksie, en ons bring bykans 'n week op Delville deur. Vanaf die staanspoor het ons by leerlinge en personeel tuis gevoel: daar word lekker geleer. Maar ons wil heel fyn waarneem. Die kinders reken goed, hulle skrifte is mooi, netjies en reg, hulle aantekeningboeke getuig van besonder deeglike, doelbewuste onderwys, hulle lees mooi en praat albei die tale regtig na wense. Ek herinner my die st. vyfdogter wat voorbeeldig in albei tale lees. Ek vra toe vir haar wat sy wou word, want ek koester die verwagting dat sy onderwyseres sou sê; maar sy vra of sy in Engels mag repliek gee, want sy ken nie die juiste Afrikaanse woord nie — en toe sê sy: „I want to be an Egyptologist!" Ek vra haar toe uit, en sy is verbasend goed op hoogte.

Ook onthou ek nog steeds die voorbeeldige les wat 'n onderwyser oor



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Egipte gegee het, en hoedat ek vir hom gesê het: „Jy't goed uit jou ondervinding geput, ‚straight from the horse's mouth,' mens kan sommer hoor jy het deur Egipte gereis, en dat jy boonop 'n oulike waarnemer is!" Maar hy glimlag beskeie en verseker my dat hy nog nooit weg van Suid-Afrika se bodem was nie; dis sy hoof wat hom geleer het om 'n aardrykskundeles so te gee. En, terloops, die betrokke onderwyser is tans deels verantwoordelik vir die doseer van Aardrykskunde by die Pretoriase Onderwyskollege! (Mnr. Frans Cronje, Hoof van die Na-uurse Afdeling. — Red.)

Nadat ek 'n tyd in die klaskamer van een van die senior personeellede deurgebring het, neem die man my opsy. Hy sê hy wil openhartig met my praat. Daar is baie mense, o.a. ook hoofde en onderwysers, wat sy hoof kritiseer. Hulle sê Delville is 'n eenmanskool, almal daar moet die hoof se stelsel en opdragte stiptelik uitvoer, inisiatief word versmoor ens., — ja, daar is kollegas wat vir hulle kastig jammer kry! Maar hy beweer afgunstigheid speel ook 'n rol en hy wil my verseker dit is tog glad nie so nie: die personeel is gelukkig — niemand vertrek behalwe om promosieredes, of om — onder die dames — te gaan trou nie. Hy verseker my dat sy hoof nooit aandringerig is nie, nooit diktatoriaal nie, ook nie outokraties nie — maar slegs hulpvaardig, hoflik, besielend! Hulle dra hom op die hart. En die man wat so met my gepraat het? Hy is toe met promosie weg, en jare daarna het hy toe hoof van Delvilleskool geword: mnr. Wahl, die huidige hoof.

Nou ja, teen die tyd dat die opsomming van die inspeksiebevindinge in die hoof se kantoor plaasgevind het, was ons aanvanklike kritiese houding reeds aan die verdamp. Ons het toe baie uitgevra, maar op elke en die laaste ietsie het Naas Meyer die afdoende antwoord reg gehad. Deurgaans was daar stelsel, fondament, motivering. Hy het groot eer van sy werk en sy skool se werk gehad. Hy was 'n briljante hoof!

Ons ry weg en na 'n ruk sê ek vir my kollega: „Ek sê jou reguit, as hoof was ek trots op my skool, maar myne sou nie met Naas s'n kon kers vashou nie; hoe sê jy wat joú vorige skole betref?" En hy antwoord toe net so.

Daarna het Naas vir ons gehelp om 'n omvattende opknappingskursus vir onderwysers te reël, en die grootste deel van die las het hy self gedra, en soos maar altyd tipies van hom was, op heel bekwame maar tewens bedaarde wyse; en hom heel beskeie maar pragtig van sy taak gekwyt. 'n Beter organiseerder het ek nog nooit teëgekom nie. Alles het inmekaar gepas, sonder enige bohaai, haastige wysigings ens. Oënskynlik het hy alles met gemak gehanteer, net soos sy skool en ander bedrywighede maar basies was: sy deeglike voorbereiding, die helder verstand, die simpatieke mensekennis, die gedissiplineerde verbeeldingsvermoë.

Sakemanne op Germiston het hom probeer van die onderwys af



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Digitised by the University of Pretoria, Library Services





Digitised by the University of Pretoria, Library Services

kwaaiigheid in die hand. En omgekeerd net so die ander: die gebalanseerde, wyse ouer en meester, die geïntegreerde mens, die fatsoenlike en erkentlike — en so was hy. So 'n mens kom nie sommerso na vore nie— laat ek vir u lees wat skryf een van sy broers vir my; een wat ook leerling in sy klas was:

„Hoe baie het ek my oorlede moeder hoor praat van Naas, soos ons hom genoem het, as die witkopseuntjie wat van kleinsaf getoon het dat hy kan vasbyt en deurbyt. Gebore en opgevoed in 'n Christelike huisgesin waar die ouers elke kind geleer het om sy deel van die huishouding op hom te neem, het my oorlede broer reeds van kleins af gewys dat hy nie alleen baie begaafd is nie, maar 'n onvermoeide, harde werker was. Sy Christelike beginsels het hy nooit versaak nie en die diens van die Meester was vir hom nooit te veel nie, selfs nie in die laaste van sy besige lewensjare nie. Hy kon baie hard gewerk het. As hoof van sy skool was hy vir sy assistente 'n voorbeeld van hardwerkendheid. Sy lewe het bewys dat genialiteit 80% perspirasie en 20% inspirasie is. Wat hy aangepak het, moes deeglik en goed wees.

As mens was hy beskeie en ietwat teruggetrokke van geaardheid. Nooit het hy homself aan ander opgedring nie, nooit het hy probeer om van 'n skoen gebruik te maak om bevordering te kry nie, en nooit het hy baantjies vir boeties geskep nie, selfs nie toe hy in die posisie was om dit letterlik uit te voer nie. Hy het geglo dat elke man moet uithang vir sy „ticket" of bly waar hy is . . .

Nog 'n mooi dingetjie het een van sy dosente van die Onderwyskollege van Pretoria aan my gesê, naamlik dat my oorlede broer hom nooit op die voorgrond gedruk het nie, self nie by tye en geleenthede waar hy die reg daartoe gehad het nie.

Dit is my trots om te sê dat ek my oorlede broer sal onthou as 'n getroue werker; 'n nederige, effens teruggetrokke, begaafde man en 'n beginselvaste Christen."

Maar Naas sou dit nie so mooi en ver in die lewe gebring het nie indien hy ook nie 'n goeie gesinsman was en 'n goeie en offervaardige vrou gehad het nie. Nellie Potgieter en Naas Meyer het in de huwelik getree en hulle is met vier liewe en gawe kinders geseën. Sy het hom gesteun en gesterk, aangemoedig en gehelp, blymoedig in gees. Dikwels as Inspekteur en later as Waarnemende Direkteur moes hy uitstedig wees,

*Mnr. J. A. V. Swanepoel, Hoof van die Departement Historiese en Teoretiese Opvoedkunde, wat die verrigtinge by die rotsmonument gelei het, aan die woord. Regs is die venster van die kantoor van die Rektor, waarna mnr. Mulder, links op die foto, verwys het en links kan „die jong soetdoringboompie" gesien word.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

maar sy het dit altyd so gereël en georganiseer dat alles altyd mooi van stapel loop, dat hy die allerbeste kon aanbied, dat dit met almal, waaronder veral ook hulle kinders goed gaan.

Naas en Nellie het tesame gebou, tesame gedeel, tesame die lewe deurgemaak, en tesame is hulle heen.

Laat my dus maar afsluit met die laaste paragraaf van wat ek vir die T.T.A.-blad, ter huldiging, geskryf het:

> „Four children lost, whilst they slept, two inexpressibly precious parents. A College has lost as fine a leader as it ever had amongst all its illustrious holders of that post. But his inspiring example, that fine spirit, must live on, for, in the words of Thomas Hardy:
>
> ‚I saw a dead man's finer part
> Shining within each faithful heart
> Of those bereft. Then said I, ‚This must be His immortality'."

R. E. LIGHTON,
*Rektor, Johannesburgse Onderwyskollege.*

---

# Huldigingswoorde Tydens Onthulling van Gedenkplaat op Rots tot Nagedagtenis van Dr. en Mev. I. M. Meyer — 2 September 1959 —


DAMES EN HERE,

Op hierdie 2de dag van September 1959 by geleentheid van die Kollegeverjaarsdag skaar ons ons op hierdie terrein in gewyde stemming. Dit is net of ons nog die forse gestalte van ons so vroeg heengegane Rektor maar hier by ons en rondom ons gewaar.

Hier agter my is die venster van sy kantoor waar menige uur van drukke arbeid verbygesnel het, daar oorkant staan die woonhuis, vandag stil en leeg, maar die heiligdom waarin die bekwame moeder die versorging en opvoeding van die gesin behartig het, waar die kinders vir etlike jare hulle lief en leed as hul lewensdeel ontvang het, waar hy self hom kon terugtrek tot versterking van die gees na moeë en uitputtende dae van 'n oorvol program. En hier rondom ons is 'n stukkie van die Kollegetuinery waaraan hy met soveel liefde en belangstelling baie van sy beplanning en ideale vir die skone en mooie gewy het. Toe daar sprake was van



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*Mev. Mulder, eggenote van die Waarnemende Rektor, besig om die monument te onthul.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die aanbring van 'n gedenkplaat ter nagedagtenis van wyle dr. en mev. Meyer het die komitee baie paslik besluit dat so iets hier in 'n stukkie van die tuin geplaas sou word. Hier langs die weg waar talle studente daagliks heen en weer beweeg, hier waar die geluid van die waterstroompie op die rotstuin sy lied van verfrissing sal bly uitkabbel, hier waar die jong soetdoringboompie homself in die tuingrond gevestig het en eersdaags sy skaduwee oor hierdie twee rotsblokke tot lafenis sal versprei. Ook die soetdoring uit die veld gevestig in die tuingrond van die stad herinner ons aan sy lewe. Hy wat sy eerstelingsjare as kind en as jong onderwyser op die velde van Wes-Transvaal gehad het en daarna die woelinge van die volle stadsomgewing betree het.

Ook die rotse met hulle natuurlike snit van krag en sterkte vorm 'n pragtige simbool van die karaktervastheid, bestendigheid in lewensuitkyk, die presiesheid en metodiese korrektheid, ja van die volle beslistheid van 'n verantwoordelike persoon wat hoog geklim het in sy professionele loopbaan en sosiale status.

Waar ons vandag met weemoed gevul en nog tot in ons siel geskok, terugdink aan die gebeure van die dae van gister, daar dank ons ook ons ewige Vader vir die mooi herinneringe wat ons uit hulle lewens as erfenis gehou het. Ons wil in ootmoed, maar met alle erns en gehoorsaamheid met dankbaarheid erken: Hulle het nie tevergeefs geleef en gestry nie. Hulle ideale sal nog lank vir ons 'n besieling bly om elke dag getrou ons plig te doen vir die tyd wat ons nog gespaar mag bly.

Op die plaat wat na enkele oomblikke onthul gaan word, staan hierdie woorde: Hier het hulle gewerk.

Die beste boodskap wat ek vandag aan u kan gee is: Werk solank dit dag is, want die uur kom wanneer daar nie meer gewerk kan word nie. Hierdie uur is vir alle mense maar 'n handbreedte ver en vir sommige lê dit selfs nog veel nader aan die deur.

J. J. MULDER,
*Waarnemende Rektor, Pretoriase Onderwyskollege.*

## ONTHULLING VAN DIE NAAMPLAAT VAN „HUIS MEYER"

MNR. die Rektor, Eregaste, Dosente en Studente.

Dit is goed om te sien dat die studente met die verjaarsdag van hulle kollege nie alleen dink aan die feestelikheid en vrolikheid wat hulle daaruit kan haal nie maar dat hulle sover op die pad van geestelike volwassendheid gevorder het dat die middelpunt van hulle denke en doen nie net om



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hulleself draai nie, maar ook om die gedagtenis van ander wat offervaardig was en aan wie julle vanoggend hier erkenning en waardering bring.

Dit is goed om saam met julle hulde te bring aan twee persone wat die grootste gedeelte van hulle lewe gewy het aan die opvoeding van ons kinders en die bevordering van die Afrikanersaak.

Baie is vanoggend gesê oor wyle dr. en mev. Meyer, maar graag onderstreep ek weer 'n paar kwaliteite.

Ek het hulle leer ken as mense wat met hulle hele hart 'n ideaal nagestrewe het, en toewyding is 'n kwaliteit wat altyd besieling en gewoonlik ook sukses bring. Vir die opvoedkundige is die vermoë om te besiel daardie vonk wat maak dat die kind of student die mens en sy lewensideale nooit vergeet nie.

Dr. Meyer het deur sy lewe getoon dat hy glo dat alleen die beste goed genoeg is vir sy taak en met groot deursettingsvermoë en opoffering behaal hy die hoogste graad in sy vak. Laat ons hierdie voorbeeld volg en aanhou om kennis te soek om ons so goed moontlik te kwalifiseer.

Dr. Meyer was ook 'n rigtingvaste man — maar al het hy sterk gestaan en duidelik geweet waarheen hy wou, was hy geen fanatikus wat andersdenkendes se eerlikheid in twyfel getrek het nie.

Mev. Meyer het ons nie alleen geken as bekwame huisvrou en toegewyde moeder nie maar ook as 'n vrou wat haar man onderskraag het in sy taak en wat haar plek volgestaan het in die samelewing, wat van die moderne vrou meer eis as net om moeder en huisvrou te wees — net soos die omstandighede dit voorheen in ons geskiedenis ook soms van vroue geëis het om na die roer te gryp of om die plaas te bestuur.

Mag ons, ons moderne vroue met hulle veelsydige en veeleisende verpligtinge in ons land met die groot massas nie-blankes, vereer omdat hulle in hierdie toetstydperk weer deur inspanning, wagstaan oor die voortbestaan van hierdie jong en klein volkie.

Mag ons hierdie man en vrou se voorbeeld onthou deur hulle naam op ons lippe te hou in die naam van die — „Huis Meyer."

Ek vra mej. de Villiers wat saam met hulle vir hierdie kollege gewerk het en wat al baie jare haar kragte uitstort in die taak — 'n taak wat sy skitterend verrig — om die voorlopige naamplaat „Huis Meyer" te onthul.

E. C. STEYN,

*Hoof, Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




*Mej. N. de Villiers, Superintendente van Dameskoshuise van die Onderwyskollege, spreek enkele woorde nadat sy deur mej. E. C. Steyn, langs haar op die foto, gevra is om die naamplaat te onthul. Links op die foto verskyn ds. D. J. Viljoen, dr. J. L. van Staden (wat die verrigtinge daar gelei het) en mnr. J. J. Mulder (regs op die foto).*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services




*Mej. De Villiers besig om die naamplaat van „Huis Meyer" te onthul, pas nadat mej. E. C. Steyn, Hoof, Afrikaanse Hoër Meisieskool en Lid van die Streekskomitee (links op die foto), die aanwesiges toegespreek het.*

---

*By geleentheid van die huldigingsplegtigheid ter ere van wyle dr. en mev. I. M. Meyer op Woensdag, 2 September, 1959, het mnr. R. S. Meyer, oudste seun van die ontslape egpaar die personeellede van die Onderwys-kollege toegespreek . . . .*


# BOODSKAP AAN DIE PERSONEELLEDE VAN DIE ONDERWYSKOLLEGE, PRETORIA

GEAGTE Eregaste en Kollegas,

Dit is my, onder hierdie besondere omstandighede, 'n behoefte van die hart om 'n woordjie tot u te rig — en ek doen dit graag in die vorm van 'n wens: dit is naamlik my bede dat die Onderwyskollege van Pretoria in die toekoms steeds van krag tot krag mag gaan om telkemale — net soos in die verlede sedert die stigting daarvan meer as vyftig jaar gelede —



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



*'n Gedeelte van die skare wat besig is om na die toespraak van mej. Steyn te luister. Vierde en vyfde van regs (tussen mnr. Mulder en ds. Viljoen) staan mnr. R. S. Meyer en sy suster, twee van die kinders van wyle dr. en mev. Meyer. Links van ds. en mev. Viljoen kan die volgende opgemerk word:—mnr. J. Small, mnr. P. Conradie, oud-hoofinspekteur van skole, prof. R. E. Lighton, mev. A. J. Roode, mnr D. Z. Schwartz, Registrateur, mnre. J. A. Pretorius en G. Gericke.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

in die diepgevoelde behoeftes van die samelewing te voorsien. Ek wens graag hierdie inrigting alles van die beste toe vir die toekoms.

Maar hierdie bede berus nie uitsluitlik op emosionele antesedente nie en ek sal dit graag met enkele woorde nader wil toelig. As ek u die beste toewens vir die toekoms, dan kan hierdie wens nie losgemaak word van die doel of taak van hierdie inrigting nie. Ek wil dit graag beklemtoon dat, in so verre dit menslike aktiwiteite en betrekkinge aangaan, die doel of taak nooit van die aktiwiteite self geïsoleer kan word nie: die doel is juis dít wat aan al ons doen en late 'n bepaalde eenheid, 'n bepaalde gerigtheid, 'n bepaalde sin gee.

Wat die taak van hierdie inrigting en van u as dosente aan hierdie inrigting betref, wil ek op slegs twee aspekte wys wat m.i. as grondslag behoort te dien:

(1) Dit is die taak van hierdie inrigting om by elkeen van sy studente 'n sin vir die etiese, estetiese en religieuse waardes van die Westerse kultuur by te bring sodat hulle weer op hul beurt hierdie aanvoeling kan oordra aan die opvoedelinge wat aan hulle sorg toevertrou word.

(2) Ten tweede is dit die taak -- en hierop wil ek graag vandag die klem laat val — van hierdie en soortgelyke inrigtings en universiteite om by alle studerendes 'n bepaalde *wetenskaplike gesindheid* tuis te bring. Die feit dat die Westerse beskawing ook 'n bepaalde *wetenskapsideal beliggaam,* word gewoonlik oor die hoof gesien deurdat die klem voortdurend net op die sogenaamde etiese en religieuse waardes gelê word. 'n Behoorlike studie van die wetenskaplike opvattinge en die wetenskaplike gesindheid van die Afrikaner, veral t.o.v. die geesteswetenskappe, bring spoedig aan die lig dat daar vir ons op hierdie gebied nog veel te doen staan: die spieël van ons geesteswetenskaplike gees sal nog heelwat geskaaf moet word aleer dit op waardige wyse die wetenskaplike waardes van die Westerse beskawing sal weerkaats. Dit gebeur so maklik dat die waaragtige, eerlike wetenskap moet terugdeins en plek maak vir die motief van ekonomiese of egoïstiese winsbejag.

Met hierdie twee ideale in gedagte wil ek die Onderwyskollege van Pretoria — waar dit so pas weer aan die einde van 'n fase gekom het en op die punt staan om 'n nuwe binne te gaan — alles van die beste toewens. En dan wil ek ten slotte ook die vertroue uitspreek dat u as dosente veel sal vind in die verlede van hierdie inrigting wat dit vir u moontlik sal maak om 'n toekoms te bou op die patroon van die ideale so pas aan u voorgehou.

R. S. MEYER,

*Lektor, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

# Jaarverslag 1959

MET genoeë bied ek u hiermee die jaarverslag van die Genootskap Oud-Pretoria vir 1959 aan.

Die ledetal het die afgelope jaar vir die eerste keer op oor die 200 te staan gekom.

Die volgende is die aftredende Bestuur:

*Voorsitter*: Dr. W. Punt.
*Ondervoorsitter*: Dr. G. W. Eybers.
*Sekretaris*: Dr.F. J. du T. Spies.
*Penningmeester*: Mnr. G. Rissik.
*Argivaris*: Mnr. A. M. Davey.
*Redakteur*: Mnr. H. M. Rex.
*Sakebestuurder*: Dr. J. M. H. van Aardt.
*Lede*: Mej. J. H. Davies, Dr. V. FitzSimons, mnre. S. F. Naude en J. F. Preller.

Die beoogde opelugmuseum het die afgelope jaar weer besondere aandag geniet. Verskeie onderhoude is met regeringspersoonlikhede gevoer en dit lyk of daar nader aan die uiteindelike doel gekom word. Die Meesterbouersvereniging van Pretoria deel mee dat hulle 'n komitee uit hulle midde benoem het om aandag aan die Bras Perreirahuis en die verskuiwing daarvan na die terrein in die Fonteinedal te gee.

Die skooltuinewedstryd het hierdie jaar nege inskrywings uitgelok. Ons spreek ons besondere dank uit aan die beoordelaars, nl. mnr. H. M. Holloway, dr. J. C. Strydom, skoolinspekteur P. J. Hugo en dr. F. J. du T. Spies. Vanjaar was die wenners Rachel de Beerskool eerste, Pretoria Tuine Laerskool tweede en Totiusdalskool derde. Ons wens die skole geluk. Veral word bedank die volgende wat geldpryse vir die doel beskikbaar gestel het: Starke-Ayres (£10), Jasmine (£5), mnr. G. Rissik (£5), dr. Eybers (5) en dr. FitzSimons (£5).

Op 17 Maart 1959 is 'n spesiale vergadering gehou om die verwydering van die straatbome in Schoemanstraat te bespreek. 'n Afvaardiging het in dié verband 'n onderhoud met die Burgemeester gehad wat bevredigend verloop het.

Op die stigtingsvergadering van die Stigting Simon van der Stel in Kaapstad het mnr. Norman Eaton ons Genootskap verteenwoordig. Ons voorsitter, dr. Punt, het as gevolg van werksaamhede in verband met



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

genoemde stigting gevra dat hy van die voorsitterskap onthef word. Dr. Eybers het gedurende die laaste halfjaar in sy plek as voorsitter opgetree.

Op voorstel van prof. T. H. le Roux het die Genootskap by die Stadsraad aangedring op die stigting van 'n wandelpark in Pretoria. Hoewel die Stadsraad op die standpunt staan dat daar reeds baie aan parke gedoen word, voel ons oortuig dat hierdie vrugbare gedagte nie deur die Parke-afdeling vergeet sal word nie.

Danksy die voortreflike werk van ons redakteur, mnr. Rex, het in die afgelope jaar weer 'n reeks baie aantreklike nommers van „Pretoriana" verskyn. Lede word versoek om meer tot die blad by te dra. Vir volgende jaar word 'n spesiale feesnommer beplan.

Die Stadsraad van Pretoria word hartlik bedank vir finansiële steun soos in die verlede en vriendelike medewerking. My hartlike dank aan alle bestuurslede vir hulle onbaatsugtige diens in belang van die Genootskap, en by name aan die ere-sekretaris, dr. Spies.

G. W. EYBERS,
*Waarnemende Voorsitter.*

Oktober 1959.

ASSOCIATION OLD PRETORIA

# Annual Report, 1959

IT is my pleasure to submit to you the annual report of the Association Old Pretoria for 1959.

During the past year membership passed the 200 mark for the first time.

The retiring Committee is as follows:—

*Chairman*: Dr. W. Punt.
*Vice-Chairman*: Dr. G. W. Eybers.
*Secretary*: Dr. F. J. du T. Spies.
*Treasurer*: Mr. G. Rissik.
*Archivist*: Mr. A. M. Davey.
*Editor*: Mr. H. M. Rex.
*Business Manager*: Dr. J. M. H. van Aardt.
*Members*: Miss J. H. Davies, Dr. V. FitzSimons and Messrs. S. F. Naude and J. F. Preller.

The projected open air museum again received particular attention



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

during the year. Various interviews were aranged with government officials and the indications are that the ultimate goal is a stage nearer. The Master Builders' Association of Pretoria has reported that it has constituted a committee of its members to give attention to the house of Bras Perreira and its removal to the Fountains Valley site.

This year the school garden competition attracted nine entries. We are particuarly grateful to the judges:— Mr. H. M. Holloway, Dr. J. C. Strydom, Mr. P. J. Hugo, Inspector of Schools, and Dr. F. J. du T. Spies. The prize-winners this year were the Rachel de Beer School (first), Pretoria Gardens Primary School (second) and Totiusdal School (third). We congratulate these schools on their success. Special thanks are due to the following for their generous donations of cash prizes: Starke-Ayres (£10), Jasmine (£5), Mr. G. Rissik (£5), Dr. Eybers (£5) and Dr. FitzSimons (£5).

On the 17th March, 1959, a special meeting was convened to discuss the removal of trees in Schoeman Street. As a result a deputation had a satisfactory interview with the Mayor.

Mr. Norman Eaton represented our Association at the inaugural meeting of the Simon van der Stel Foundation in Cape Town. In consequence of his work on behalf of the Foundation Dr. Punt asked to be relieved of his duties as Chairman of our Association and during the past six months Dr. Eybers has acted as Chairman in his stead.

Following a proposal by Professor T. H. le Roux, the Association represented to the City Council the need for an extensive, informal park ("wandelpark") to be developed in Pretoria. Although the City Council holds the view that much attention has already been given to parks, we are convinced that the Parks Department will not overlook so promising an idea.

Thanks to the sterling work of our editor, Mr. Rex, attractive issues of "Pretoriana" have again appeared during the past year. Members are asked to submit more contributions for inclusion in the magazine. A special commemorative number is planned for next year.

As in former years, we have to record our appreciation of the friendly co-operation and financial support received from the City Council of Pretoria.

My sincere thanks are due to all members of the Committee for their unselfish service on the Association's behalf, and in particular to the honorary secretary, Dr. Spies.

G. W. EYBERS,
*Acting Chairman.*

October, 1959.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services




*Aandagtig staan 'n gedeelte van die aanwesiges en luister na die huldigingsrede by die rotsmonument. Op die foto verskyn van regs na links die volgende dosente en eregaste:— Mnre. F. J. C. Cronje, J. H. Geertsema, P. van Zyl, A. P. Cronje, J. D. Bosman, J. C. Markotter, prof. R. E. Lighton, mnre. J. A. N. van Aardt, P. W. Botha, L. B. Odendaal en prof. A. E. Kratz.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Genootskap Oud-Pretoria**
(Gestig: 22 Maart 1948)

**Association Old Pretoria**
(Founded: 22 March, 1948)

**Ons doel:** Om te waak oor die geskiedenis van ons stad en distrik.

**Our aim:** To preserve the past for the future of our city and district.

BESTUUR:

EXECUTIVE COMMITTEE:

*Ere-President* — DIE BURGEMEESTER VAN PRETORIA — *Honorary President.*
THE MAYOR OF PRETORIA.
*Voorsitter* — D. G. W. EYBERS — Chairman.
*Ondervoorsitster* — Mej./Miss J. H. DAVIES — *Vice-Chairman.*
*Sekretaris* — Dr. J. M. H. VAN AARDT — *Secretary.*
*Penningmeester* — Mnr./Mr. G. RISSIK — *Treasurer.*
*Argivaris* — Mnr./Mr. A. M. DAVEY — *Archivist.*
*Redakteur* — Mnr./Mr. H. M. REX — *Editor.*
*Sakebestuurder* — Mnr./Mr. C. F. HENDRIKZ — *Business Manager.*
*Lede* — Dr. W. H. J. PUNT — *Members.*
Mnr./Mr. J. PRELLER.
Mnr./Mr. N. A. COETZEE.
Dr. W. J. DE KOCK.
*Verteenwoordiger van die Stadsraad/Representative of the City Council:*
Dr. J. C. OTTO,
*Burgemeester/Mayor.*

Bydraes moet asb. gestuur word aan: Die Redakteur „Pretoriana", Frans Oerderstraat 109, Groenkloof, Pretoria.
Contributions may be sent to: The Editor, „Pretoriana", 109 Frans Oerder Street, Groenkloof, Pretoria.

GEDRUK DEUR VICTORIA DRUKKERY, SWEMMERTRAAT 504, GEZINA, PRETORIA.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services